

VOORKOMING IS BETER AS GENESING

Cobus Dreyer

In sy voorwoord tot die "Gids vir die Museums van Suider-Afrika" maak Dr C K Brain, Direkteur van die Transvaal Museum, die stelling dat museums deur die eeue heen die bewaarplekke was van voorwerpe wat verband hou met die verlede, die hede, en die natuur waarvan ons 'n deel is. Daar rus dus 'n verantwoordelikheid op diegene wat die museumwese hul beroep gemaak het om voorwerpe te versamel, te bewaar, te beskryf en ook uit te stal teneinde kennis daaromtrent oor te dra.

Teenswoordig is dit veral die bewaringsaspek wat onder die soeklig kom. Dit is bekend dat daar groepe soos die Futuriste bestaan wat propageer dat museums vernietig behoort te word. Hierdeur word alle

verbintenisse met die verlede verbreek en die weg na 'n "nuwe toekoms" gebaan. Die aanslag teen Suid-Afrika is meer spesifiek daarop gemik om alle tekens van die Westerse beskawing hier uit te wis. Onlangs is twee groot buitelandse museums, naamlik die Nasionale Museum vir Natuurgeskiedenis in Lissabon en die Museum vir Moderne Kuns in Rio de Janeiro deur brand in puin gelê. As dit dáár kon gebeur, kan dit ook hier, en miskien juis hier, gebeur. Dit is dus nodig dat ons museums betyds die nodige voorsorgmaatreëls tref.

Die Suider-Afrikaanse Museumvereniging het die bal aan die rol gesit deur 'n akkrediteringskema van stapel te stuur, waarvolgens museums aan bepaalde vereistes moet voldoen. Hierdie vereistes het veral te doen met die fisiese beveiliging van museumversamelings.

As deel van hierdie landswyse program is die Nasionale Museum tans besig om sy personeel voor te berei in die basiese optrede ten opsigte van brandvoorkoming en -bestryding, ontruiming, ens.

Op Vrydag 20 April het Mnr van Molendorf van die Bloemfonteinse Brandweer die Museum personeel oor hierdie aspekte ingelig en ook 'n praktiese demonstrasie gegee van hoe 'n brand behoort geblus te word. Die besondere wyse waarop hy sy feite aangebied het, sal sekerlik daartoe bydra dat die personeel dit lank sal onthou.

'n Gevorderde kursus in Noodhulp sal binnekort ook vir Museum personeel gelede aangebied word.



Mnr van Molendorf demonstreer hoe 'n brand geblus kan word. Die Museum personeel kyk belangstellend toe.